



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

GESKIEDENIS V1

FEBRUARIE/MAART 2010

ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 11 bladsye.

VRAAG 1: WAAROM HET DIE MARSHALLPLAN AANLEIDING GEGEE TOT WANTROUE EN VYANDIGHEID TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) EN RUSLAND (USSR)?**BRON 1A**

Hierdie uittreksel uit 'n toespraak deur die VSA se Minister van Buitelandse Sake, generaal George C Marshall, is geneem uit *The Truman Administration: A Documentary History* deur BJ Bernstein.

Menere, ek hoef u nie te vertel dat die situasie in die wêreld baie ernstig is nie ...

Die waarheid is dat Europa se behoefte aan voedsel en ander noodsaaklike produkte uit die buiteland – hoofsaaklik uit Amerika – in die volgende drie tot vier jaar soveel groter is as sy huidige vermoë om daarvoor te betaal dat hy aansienlike ekonomiese hulp benodig, of andersins voor ekonomiese, maatskaplike en politieke agteruitgang van 'n baie ernstige aard te staan gaan kom ...

Dit is vanselfsprekend dat die Verenigde State alles in sy vermoë sal doen om bystand te verleen in die herstel van die normale ekonomiese gesondheid in die wêreld, waarsonder daar geen politieke stabiliteit en versekering van vrede kan wees nie. Ons beleid is nie teen enige land of leerstelling gerig nie, maar teen hongers, armoede, wanhoop en chaos. Die doel daarvan behoort die herlewing van 'n werkende ekonomie in die wêreld te wees, ten einde toe te laat dat politieke en maatskaplike toestande ontstaan waarin vrye instellings kan bestaan.


BRON 1B

Die volgende uittreksel oor die Marshallplan is geneem uit *The Cold War* deur D Taylor.

Op 5 Junie het die VSA se Minister van Buitelandse Sake, generaal Marshall, sy Marshallplan bekendgestel vir massiewe finansiële hulp aan die lande in Europa wat in die oorlog beskadig is. Die Amerikaners se idee was om die ekonomieë van Europa te herstel en so toestande van armoede en hopeloosheid, wat tot die groei van kommunisme aanleiding kon gee, uit te skakel. Kragtens die Marshallplan se hulpprogram het die VSA \$13,150,000,000 aan sestion Europese lande beskikbaar gestel, maar die USSR het geweier om aan die plan deel te neem. Die Sowjetunie het wel die Marshallplan deeglik oorweeg; Molotov, Minister van Buitelandse Sake, en 'n groot span kundiges is aan die einde van Junie 1947 na Parys om met hulle Britse en Franse eweknieë te beraadslaag. Intussen, met die oog op die opsie om die plan te verwerp, het die Sowjetpers 'n stroom vyandige kritiek gelewer en dit as 'buitelandse inmenging' veroordeel, en sodoende die openbare mening in die Sowjetunie en die wêreld voorberei op Moskou se verwerping van hulp uit die Marshallplan. Op 2 Julie het Molotov hom aan die konferensie in Parys onttrek en daarmee is enige vooruitsig op grootskaalse ekonomiese samewerking tussen Oos en Wes beëindig. Een nuwe-effek van die Sowjetunie se besluit was dat Hongarye, Pole en Tsjeggo-Slowakye, wat belangstelling in die Marshallplan getoon het, hulle ook moes onttrek.

BRON 1C

Hierdie spotprent deur David Low illustreer Madame Molotov se Skool vir Satelliete.



VRAAG 2: HOE HET NYERERE PROBEER OM TANZANIË DEUR MIDDEL VAN UJAMAA TE VERANDER?**BRON 2A**

Die volgende uittreksel oor ujamaa is verkry van die webwerf http://en.wikipedia.org/wiki/History_of_Tanzania.

Ujamaa was die konsep wat die basis van Julius Nyerere se maatskaplike en ekonomiese ontwikkelingsgebied in Tanzanië gevorm het net nadat dit in 1961 onafhanklikheid van Brittanje gekry het. Ujamaa kom van die Swahili-woord vir 'uitgebreide familie' of 'familieskap' en word deur 'n aantal hoofkenmerke onderskei, naamlik dat 'n mens 'n mens word deur die mense of deur die gemeenskap. Nyerere het ujamaa as basis van die nasionale ontwikkelingsprojek aangewend. Hy het die ujamaa-konsep op verskillende maniere in 'n polities-ekonomiese bestuursmodel omgeskakel.

1. Die totstandbringende van 'n eenpartystaat-stelsel onder leiding van die Chama Cha Mapinduzi (CCM) om te help om samehorigheid in die pas onafhanklike Tanzanië te bestendig.
2. Die instelling van maatskaplike, ekonomiese en politieke gelykheid deur die skep van 'n sentrale demokrasie, die afskaffing van diskriminasie op grond van toegekende status en die nasionalisering van sleutelsektore in die ekonomie.
3. Die konsentrasie van produksie in dorpieë, wat in wese beteken het dat alle vorme van plaaslike produksievermoë op die grondslag van kollektiewe boerdery geplaas is.
4. Die kweek van Tanzaniërs se selfstandigheid deur twee dimensies: die transformasie van ekonomiese en kulturele gesindhede. Op ekonomiese gebied sal elke persoon vir beide die groep en vir hom-/haarself werk; op kulturele gebied moes Tanzaniërs leer om hulself te bevry van afhanklikheid van Europese magte. Vir Nyerere het dit ingesluit dat Tanzaniërs moes leer om dinge vir hulleself te doen en om tevrede te wees met wat hulle as 'n onafhanklike staat kon vermag.
5. Die implementering van gratis en verpligte skoolonderrig vir alle Tanzaniërs om hulle sensitief te maak vir die beginsels van ujamaa.

BRON 2B

Die volgende uittreksel oor beleidsverandering in Tanzanië is verkry van die webwerf <http://www.infoplease.com/ce6/world/A0861437.html>.

In Februarie 1967 het Nyerere die Arusha-verklaring uitgereik, wat 'n belangrike beleidsuitspraak was. Dit het 'n gedesentraliseerde regering in die vooruitsig gestel, sowel as 'n program van landelike ontwikkeling genaamd ujamaa (om saam te trek), wat die skep van koöperatiewe plaasdorpie behels het. Fabriek en plantasies is genasionaliseer, en groot bedrae geld is in primêre skole en gesondheidsorg gestee. Hoewel Nyerere sekere dele van die beleid van die verklaring in werking gestel het, was dit nie duidelik of die mag in Tanzanië inderdaad gedesentraliseer is nie.

Dit was Julius Nyerere van Tanzanië se taak om 'n dapper nuwe koers in te slaan en 'n poging aan te wend om ontwikkeling in Afrika in 'n heeltemal nuwe rigting te stuur. Nyerere het gepoog om die tendens van ontwikkeling in Afrika wat op die Europese model van kapitalistiese industrialisasie geskoei is, om te keer. Die beginjare van onafhanklikheid het getoon dat die Europese model op groot bedrae buitelandse belegging staatgemaak het. Dit het Afrika se skuld las vergroot. Tegelykertyd, namate Afrika al hoe armer geword het en al hoe minder in staat was om in sy eie voedselbehoefte te voorsien, het die hebsug van individue die klasse-onderskeid binne die Afrika-samelewing vergroot. Nyerere was vasbeslote om hierdie 'vetvoer van die elite' te beëindig.

Nyerere se visie van 'n toekomstige Tanzanië was dié van 'n vooruitstrewende, selfstandige en klaslose samelewing. Hy het dit 'Afrika-sosialisme' genoem ... Sosialisme in Tanzanië moes gebaseer wees op plaaslike hulpbronne eerder as ingevoerde, hoëtegnologie-industrialisasie. Die land se grootste banke en kapitalistiese maatskappye in buitelandse besit sou genasionaliseer word, dit wil sê, deur die staat oorgeneem word in belang van die mense. 'n Kode vir Leiers het politieke leiers verbied om private rykdom te vergader. Die hoofklem van die regering moes op landelike ontwikkeling wees wat tot selfstandigheid sou lei.

Koöperatiewe
boerdery
(ujamaa)



VRAAG 3: WAS MARTIN LUTHER KING JR. DIE SPIL (SLEUTELSPELER) VAN DIE BURGERREGTEBEWEGING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA?**BRON 3A**

Die volgende uittreksel is geneem uit *Free At Last*, deur S Bullard.

Toe swart leiers in Montgomery in Desember 1955 'n boikot teen stadsbusse van stapel gestuur het, het hulle 'n welsprekende, jong nuweling as hulle segsman gekies. Martin Luther King Jr. was die leraar van die Dexter Avenue Baptistekerk, die seun van 'n vooraanstaande prediker in Atlanta en 'n Bybelkenner wat op die ouderdom van 26 jaar sy doktorsgraad aan die Boston Universiteit se Teologiese Skool behaal het.

King was kalm en bedaard wanneer hy oor idees en strategie gepraat het, maar sy prediking kon 'n gemeente as't ware aan die brand laat slaan. Hy het die boikotters meegedeel dat hulle die waarheid aan hulle kant het, en hulle laat glo dat hulle die stryd om gelykheid kon wen. 'Een van die wonderlike dinge van demokrasie is die reg om te protesteer vir wat reg is,' het hy gesê.

King het gesê dat hulle die reg het om moeg te wees vir diskriminasie en onreg. 'Vir baie jare het ons 'n verstommende verdraagsaamheid getoon ... Maar ons het vanaand hierheen gekom om verlos te word van hierdie verdraagsaamheid wat gemaak het dat ons tevrede was met enigiets minder as vryheid en geregtigheid.' Teen die tyd dat King klaar gepraat het, het die boikotters gejuig oor die uitdaging wat voor hulle gelê het.

Martin Luther King se lewe was in gevaar van die oomblik dat sy vyande besef het oor hoeveel mag hy beskik het. 'n Groep andersgesindes (Klan) het sy huis in Montgomery met bomme bestook. Hy is deur fanatieke blanke heerssugtiges in Selma aangeval en 'n ontstoke swart vrou het hom in New York met 'n mes gestee. Hy het baie nagte alleen in die tronk deurgebring. Hy is talle kere met die dood gedreig.

Ten spyte van die gevaar het hy voortgegaan om veldtogte vir integrasie te lei – in Albany in 1962, in Birmingham in 1963, in St Augustine in 1964 en in Selma in 1965. Hy het met 'n verbeeldingrykheid en krag gelei wat sowel sy vriende as sy vyande verras het.

BRON 3B

Die volgende is geneem uit *Generations of Change: The Civil Rights Movement in America* deur G Pergl.

Verlede Sondag het ons begin met ons magtige opmars vanaf Selma, Alabama ... Hulle het vir ons gesê ons sal nie daar kom nie. En daar was ander wat gesê het ons sal net oor hulle dooie liggame daar kom, maar vandag weet die hele wêreld dat ons hier is en dat ons voor die owerheid in die staat Alabama staan en sê: 'Niemand gaan ons maak omdraai nie.'

Nooit was daar 'n oomblik in die geskiedenis van Amerika meer eervol en meer inspirerend as die pelgrimstog van predikante en leke van elke ras en geloof wat Selma ingestroom het om slaggereed en sy aan sy met sy Negers die gevaar in die oë te kyk nie.

Ons hele veldtog in Alabama het gesentreer om die reg om te stem. Ons is nou aan die beweeg. Die afbrand van ons kerke sal ons nie afskrik nie ... Ons is nou aan die beweeg. Dat ons predikante en ons jong mense geslaan en gedood word, sal ons nie van koers dwing nie. Ons is nou aan die beweeg.

Laat ons derhalwe ons triomf en ons opmars voortsit ... Laat ons opruk teen gesegregeerde behuising ... Laat ons opruk teen gesegregeerde skole ... Laat ons opruk teen armoede ... Laat ons opruk teen stembusse.

Die foto toon King en sy vrou aan die spits van die opmars van Selma na Montgomery.



BRON 3C

Die volgende is geneem uit *Free At Last* deur S Bullard en bestaan uit twee dele.


DEEL 1: GESKREWE BRON

Danksy sy pogings, en dié van duisende Amerikaners – swart en wit – wat saam met hom gearbei het, het Amerika nou onverskrokke voortbeweeg na die visie van 'n samelewing waar alle mense gelyk is voor die reg, ongeag hulle velkleur. Dit was uit erkenning vir King se enorme prestasies dat president Ronald Reagan op 2 November 1983 'n wetsontwerp onderteken het wat die derde Maandag in Januarie tot federale vakansiedag verklaar het ter ere van die geboorte van dr. King. Vir die eerste keer vereer die nasie 'n swart Amerikaner; die droom is lewend en besig om die lotsbestemming van die land te vorm. By die seremonie met die ondertekening van die wetsontwerp wat die federale vakansiedag uitroep, het Coretta Scott King (Martin Luther King Jr. se vrou), tans direkteur van die Martin Luther King Sentrum vir Nie-gewelddadige Maatskaplike Verandering, in reaksie gesê:

In die voorbeeld van sy eie lewe was hy die simbool van wat reg was omtrent Amerika, dit wat die edelste en die beste was, wat mense al najaag van die begin van die geskiedenis af. Hy het onvoorwaardelik liefgehad. Hy het altyd die waarheid nagestreef, en toe hy dit ontdek het, het hy dit aangegryp. Sy nie-gewelddadige veldtogte het bevryding, versoening en geregtigheid meegebring. Hy het ons geleer dat slegs vreedsame metodes tot 'n vreedsame uitkoms kan lei en dat ons doel was om liefde in ons samelewing te skep.

DEEL 2: VISUELE BRON

Die grafsteen van Martin Luther King. Die inskripsie lui: 'Uiteindelik vry. Uiteindelik vry. Dank God Almagtig, ek is uiteindelik vry.'



VRAAG 4: WAAROM WAS STEVE BIKO EN DIE SWARTBEWUSSYNS-BEWEGING VAN GROOT BETEKENIS IN DIE BEVRYDINGSTRYD IN SUID-AFRIKA?**BRON 4A**

Die volgende is 'n uittreksel uit 'n toespraak deur president Nelson Mandela tydens die viering van die twintigste herdenking van Steve Biko se dood. Dit is op 12 September 1997 in Oos-Londen gehou. Bron onbekend.

Ons is vandag hier bymekaar om hulde te bring aan een van die grootste seuns van ons nasie, Stephen Bantu Biko. Sy hoop in die lewe, en sy lewe van hoop, word saamgevat in sy dowerende woorde: 'Met verloop van tyd sal ons in 'n posisie wees om die grootste moontlike geskenk aan Suid-Afrika te bied – 'n mensliker gesig.'

Die geskiedenis het Steve Biko geroep op 'n tydstip toe die politieke polsslag van ons mense flou geword het as gevolg van verbanning, gevangeneeming, moord en ballingskap. Onderdrukking het alle sigbare tekens van die mense se organisasies in die land uitgewis.

Van die begin af het swart bewussyn homself beskryf as 'n 'gesindheid van die gees, 'n lewenswyse' ... dit het die vasberadenheid van sowel die leiers as die massas aangevuur. Die stukrag van swart bewussyn was om trots en eenheid onder al die verdruktes te smee, om die strategie van verdeel-en-heers te verydel, om trots te kweek onder die massas van ons mense, asook vertroue in hulle vermoë om die juk van verdrukking af te gooi. Een van die grootste erflatings van die stryd wat Biko gevoer het – en waarvoor hy gesterf het – was die ontploffing van trots onder die slagoffers van apartheid.

... Dit is dan 'n gelukkige sameloop van die geskiedenis dat Steve Biko vereer word met 'n standbeeld, in brons gegiet deur Naomi Jacobson ... die koste van die standbeeld is gedra deur mense in die kreatiewe wêreld, insluitende Denzel Washington, Kevin Kline (Amerikaanse film-ikone) en Richard Attenborough, wat onthou sal word vir die film oor Biko, 'Cry Freedom'. Nog 'n persoon wat 'n bydrae gelewer het, is Peter Gabriel, wie se liedjie 'Biko' gehelp het om die vlam van anti-apartheidsolidariteit brandend te hou.

Ons is vol vertroue dat deur 'n nuwe en voorspoedige nasie te smee, ons die stryd voortsit waarin Steve Biko die hoogste prys betaal het. Ons hoop dat met die onthulling van hierdie standbeeld, die herbenoeming van die brug en die verklaring van sy huis in Ginsberg tot nasionale monument, ons ons eie beskeie bydrae lewer om sy lewe onsterflik te maak.

Biko se standbeeld voor die stadsaal in Oos-Londen. Dit is tydens die 20^{ste} herdenking van sy dood in September 1997 onthul.



BRON 4B

'n Artikel uit *The Times*, 12 September 2007, met die opskrif *Steve Biko Has No Equal* ('Steve Biko het geen gelyke nie') (30^{ste} herdenking van Biko se dood).

Daar is reeds so baie oor Steve Biko geskryf, maar met die klem meestal op die onmenslike behandeling wat hy van die apartheidspolisie gekry het, wat uitgeloop het op sy brutale moord en sy wonderlike boek, *I Write What I Like*.

Hoewel al hierdie aspekte belangrik is, is daar meer omtrent Biko as sy eensame dood op 'n koue stuk beton in 'n tronksel in Pretoria.

Biko lewe steeds en praat steeds met ons. Hy was nie slegs die verpersoonliking van ons vryheidstryd nie, maar die hoeksteen daarvan, 'n galmende en triomfantlike stem wat met ons almal in ons taal gepraat het. Daar bestaan geen twyfel nie dat hy feitlik man-alleen die mense op 'n kritieke tydstip geïnspireer het, toe dit gelyk het of alles verlore was.

As dit nie vir Biko en sy radikale swartbewussynsbeweging was nie, sou 'n mens kon wonder hoe lank dit ons mense sou geneem het om ontslae te raak van die vrees wat hulle in hulle stryd teen apartheid gestrem het. In werklikheid is daar niemand in ons land, en, durf ek dit sê, niemand in die wêreld wat met Biko vergelyk kan word nie.

Hoewel Biko soos enigiemand anders ook tekortkominge gehad het, was sy denke, sy toewyding en sy visie in 'n klas van hulle eie.

Dit sou maklik wees om te sê dat swart mense in Biko hulle grootste leier en visioenêr verloor het, maar die waarheid is dat alle Suid-Afrikaners, beide swart en wit, 'n ware leier verloor het wat verstaan het dat 'n bloot kosmetiese verandering nie sou deug in 'n land soos Suid-Afrika, wat histories 'n verdeelde land was nie.

Selfs in die donkerste ure van apartheid het Biko nie bitterheid teenoor wittes getoon nie, maar het begryp dat apartheid 'n gif was en dat dit die psigologie van hulle denke deurdrenk het sodat hulle nie passiewe slagoffers was nie, maar bewustelik aan die verdrukking van swart mense deelgeneem het.

ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewysmateriaal is uit die volgende bronne geneem:

- Baker, C. 1990. *Russia 1917-1945* (Heinemann Educational)
- Bartels, J et al. 2006. *Shuters History* (Shuter & Shooters Publishers)
- Bernstein, BJ. 1997. *The Truman Administration: A Documentary History* (Oxford: Oxford University Press)
- Bernstein, H. 1976. *No 46 – Steve Biko*
- Bottaro, J et al. 2006. *Oxford In Search of History Grade 11* (Oxford University Press)
- Brooman, J. 1992. *The Age of Excess* (New York; Longman)
- Brooman, J. 2005. *The Cold War – Superpower Relations 1945-1989* (Longman)
- Brazier, C. Racism: Shouldering Our Responsibilities (*New Internationalist Magazine*, March 1985)
- Bullard, S. 2000. *Free At Last* (Oxford; Heinemann)
- Clark, JF. 2002. *The African States of the Congo War* (Palgrave)
- Culpin, C. 2000. *South Africa since 1948* (John Murray Publishers)
- Downey, T et al. 2000. *Russia and the USSR 1905-1995* (Oxford; Oxford University Press)
- Fiehn, T. 2005. *Russia and the USSR 1905-1941* (London; John Murray)
- Govender, SP et al. 2006. *New Generation History Grade 12* (New Generation Publishing Enterprises)
- Freedom and Socialism. A Selection from Writings & Speeches, 1965-1967*, Dar es Salaam: Oxford University Press
- Graves, F et al. 2006. *Moments in History* (Juta Gariep)
- http://en.wikipedia.org/wiki/History_of_Tanzania
- <http://www.infoplease.com/ce6/world/A0861437.html>
- Kelly, N. 1996. *Russia and USSR 1905-1956* (Oxford; Heinemann)
- Kelly, N et al. 1996. *The Modern World* (Oxford; Heinemann)
- Lane, P. 1978. *The USA in the Twentieth Century* (London; Batsford) Leadership vol.10
- Low, D. *The Making of the Modern World*
- Meredith, M. 2005. *State of Africa: History of Fifty Years of Independence* (London; J Ball)
- Nugent, P. 2004. *Africa since Independence* (Palgrave)
- O' Callaghan, DB. 1974. *From Roosevelt and the United States* (London, Longman)
- Pergl, G. 2001. *Generations of Change: The Civil Rights Movement in America* (Oxford; Oxford University Press)
- Roberts, M. 2001. *South Africa 1948-1994* (China; Longman)
- Robertson, J. 1986. *Russia in Revolution* (Oxford; Oxford University Press)
- Smith, N. 2000. *The USA 1917-1980* (Oxford; Oxford University Press)
- Taylor, D. 2002. *The Cold War* (Heinemann)
- Waugh, S. 2001. *Essential Modern World History* (Canale)
- Woods, D. 2001. *Nelson Mandela The Illustrated Long Walk to Freedom* (Little Brown)
- York, B. 1983. *The Soviet Union* (Harrap)